

Donderdag 19 Mei

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:18 – 2:4; HK Sondag 12, Antwoord 32

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:1

Die Christen as priester: doen voorbidding

Hoewel die gebed as priesterlike taak van die Christen nie in ons belydenis genoem word nie, staan dit tog vas dat ons as Christene ook gesalf is as priesters wat dit aan mekaar verskuldig is om vir mekaar te bid en vir mekaar as voorbidders by die Vader in te tree. In verskeie briewe van Paulus skryf hy: “*Broers, bid vir ons*” (1 Tess. 5:25; 2 Tess. 3:1; vgl. Heb. 13:18). Aan Timoteus (2:1) skryf hy: “*In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense ...*”

Paulus lê in hierdie uitspraak besondere nadruk op die belangrikheid van voorbidding vir ander. Hy doen dit deur daarvan te sê dat dit “*in die eerste plek*” gedoen moet word. Die voorbidding is só noodsaaklik dat voorrang daaraan verleen moet word. Hierdie versoek moet in die lig van die vorige hoofstuk gesien word. Daarin word op sekere dwalings in die gemeente van Efese gewys. Daaraan moet ernstige aandag gegee word. Met “*in die eerste plek*” sê Paulus egter aan Timoteus dat, voor hy en die gemeente aandag gee aan die dwalings, hulle eers moet sorg dat hulle eie verhouding met God reg is. Dit sal die geval wees as die gebed en die voorbidding die regte plek in hulle lewe inneem.

In aansluiting daarby tref dit ’n mens dat Paulus hier drie woorde gebruik om die voorbidding aan te dui, naamlik smeking, gebede en voorbedes. Hierdie woorde verskil nie veel van mekaar wat inhoud en betekenis betref nie. Daarom kan uit die gebruik van die drie woorde afgelei word dat Paulus dit doelbewus doen om ook op dié wyse die belangrikheid van voorbidding te beklemtoon. Hulle moet ook voorbidding doen “*vir alle mense*”. Sekere groepe, soos die Samaritane by die Jode en die slawe by die Grieke, mag die Christene nooit in hulle voorbidding uitsluit nie.

Die vraag is nou: Hoeveel kom daar tereg van hierdie opdrag in ons lewens? Ons dink dikwels dat dit net die taak van die predikante is om in die eredienste te bid vir die siekes, vervolgedes, die owerheid, ensovoorts. Natuurlik is dit die taak van die predikante. Dit is egter ook die priesterlike taak van elke gelowige om hierdie gebede by ons huise en in ons kamers voort te sit. Gewoonlik bid ons wel vir die mense teenoor wie ons simpatiek gesind is. Die Here vra egter van ons om ook te bid vir dié wat ons beledig en vervolg, irriteer en onreg aandoen (Matt. 5:44; Hand. 7:60).

As die wangedrag van ander mense ons stof gee vir ’n gesprek met *mense*, maar nie vir ’n gesprek met *God* nie, is ons wêreldse mense en kom ons priesterlike roeping nie tot sy reg nie. As ons werklik priesters is, sal ons God smek om mense wat nog in die sonde lewe, uit die mag van die Bose uit te ruk en hulle om Christus ontwil genadig te wees.